DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

22 Augustus 2021

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Handelinge 16: 11 - 15 |
| **Tema** | Die doop is ons troos |

Ons koop net produkte waarvan die seël nie beskadig is nie. Die seël beskerm die inhoud, maar is ook ‘n waarborg dat die inhoud bruikbaar is. In die verlede was briewe met was verseël sodat die inhoud eg en waar is. Behalwe dat seëls sekuriteit en beskerming bied, was dit ook aangebring as ‘n manier om die eienaarskap te bevestig. Meeste seëls het die naam of merk van die oorspronklike afsender daarop gehad.

Die doop is ‘n sakrament. ‘n Sakrament is ‘n teken en ‘n seël. Die teken is dat die water reinig of skoonmaak. Die seël wys op die eienaarskap aan wie jy nou behoort. Die doop is deur Christus ingestel en as ‘n opdrag aan die kerk gegee. Die dissipels moes die nasies gaan evangeliseer en doop. Elke dopeling se indentiteit is in God gewaarborg, nie op grond van die werk wat ons doen nie, maar deur die werk van die Heilige Gees wat ons van ons bose natuur losmaak en vorentoe wys.

Die Heilige Gees roep Paulus na Masedonië. Hier aan die belangrike verbinding tussen Oos en Wes maak die Here deure oop na Europa. Wanneer Paulus die Evangelie in Fillipi verkondig hoor ons dat die Here reeds vir Lidia voorberei het. In die Grieks staan daar: sy het die woorde van Paulus ter harte geneem het. Die hart was die sentrum van die lewe. Alle goed en sleg kom uit jou hart. Maar die belangrikste is dat die Here Paulus en Lidia bymekaar bring op die oewer van ‘n rivier buite die stad. Paulus wou sy gewone metode volg deur na ‘n sinagoge te gaan om op die Sabbat oor Christus te praat. Maar die geloofslewe in Fillipi was power.

Die Here bring vir Lidia tot bekering en skenk aan haar wedergeboorte. Die gevolg is dat sy glo dat Jesus Christus haar enigste Verlosser is. En Paulus doop haar en haar huis. Daar is oor eeue gevegte oor grootdoop en kinderdoop. Maar wat beteken huis (Grieks: oikos)? Almal wat deel van haar kring was. Dit sluit haar familie in, maar ook die slawe wat aan haar behoort het met hulle kinders. 'n Studie oor die woord in die Nuwe Testament bevestig dat dit almal, sonder uitsondering was.

Waarom doop ons? Behalwe dat dit 'n opdrag aan die kerk is, is dit ook die teken van God se genade. Hy ent die kind in Christus in. Die doop is die sigbare teken dat die kind deel van die huis van die Here is. In die ewigheid het die Here ons al as kinders bevestig. Verder word die belofte van die Here aan haar en haar gesin verseël.

Wat is die ouers se opdrag? Leer jou kind die waarhede van die Bybel. Ons word almal in sonde ontvang en gebore. Ons is nie kinders van God by geboorte nie. Ons leer wie God is. Jou doopbelofte handel oor jou onderrig as gelowige, want die Here werk deur jou met sy kinders. Daarom moet jy daagliks bid dat die Heilige Gees jou hart ontvanklik sal maak vir God se Woord. Wees self 'n leerling om jou kind te leer!



## OOG VIR MEKAAR



- * Ons innige simpatie en meelewing met die Peyper familie met tannie Lottie wat oorlede is. Ons bid julle die troos van die Here toe, waar julle drie familielede in drie weke verloor het.
- * Ons innige simpatie en meelewing met die Korff familie met oom Buks wat aan die gevolge van Covid oorlede is. Mag die Here julle troos in die omstandighede.
- * Gerhard Maritz het Donderdag die eerste van 25 bestralings ontvang. Ons bid julle gesin die geestelike krag van die Here toe met die proses.
- * Baie geluk aan die ouers en familie wat vandag doop. Mag die Here julle seën met die opvoedingstaak.
- * Op Donderdag 19 Augustus ons kennis geneem dat die Regering geen verandering aan die inperking aangebring het nie. Ons mag dus steeds net 50 lidmate per erediens wees. Wanneer u bespreek vir die erediens en die afspraak nie nakom nie, gee ons vir die volgende persone op die lys geleentheid. Kom daarom asb u afspraak na.



# GEDAGTE VIR DIE WEEK

*'n Mens beplan sy pad,*
*maar die Here bepaal hoe hy loop.*

*Spreuke 16: 9*

## KERKRAAD

Ter approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderling en diaken:

**Ouderlinge:**
Phillip Van Der Walt

**Diaken:**
Roelof Venter



# KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 22 Aug | ***Magda Botes **** | ***78*** | B | 082 851 0808 |
| Wo 25 Aug | ***Pietra vd Walt ***** <br> Stehan Borman | ***81*** <br> 13 | B <br> D | 084 602 4057 <br> 082 963 9239 |
| Do 26 Aug | Bennie Hattingh | 66 | B | 083 276 9645 |
| Vr 27 Aug | Elizabeth Hurter | 60 | B | 083 285 8499 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 27 Aug 1994 | Pieter & Anel Nieuwoudt | 27 | 073 416 1297 <br> 072 225 9555 |

## DATUMS OM TE ONTHOU

Lidmate moet asb kennis neem dat daar **GEEN** Bybelstudie sal wees nie. Bybelstudie sal hervat sodra die inperking dit weer toelaat, hou dus die Basuin dop.

## DIAKONIE

Graag versoek ons lidmate wat **lemoen en groente sakke** het om die ASB by die kerkkantoor in te gee, ons benodig dit om die groente skenkings in te verpak.


Die diakonie is dringend opsoek na ‘n **nebulizer**. As enige van ons lidmate ’n nebulizer het wat nie gebreuk word nie, word hulle versoek om dit asb aan die diakonie te skenk.


Die diakonie vra asb vir skekings van bees en / of wilds vleis wat verwerk kan word vir fondse vir die diakinie. Kontak Reinhardt Weidemann op 082 610 0623.

**Die diakonie verkoop weer wildsvleis :**

**Maalvleis : R 71.43.00 / kg**
**Braaiwors : R 85.71 / kg**
**Biltong : R 142.86 / kg**
**Kookvleis : R 50.00 / kg**
**Pasteie : R 100.00 / pastei**

Ondersteun asb hierdie projek van die diakonie. Teen hierdie prysse kan niemand die geleentheid laat verby gaan nie. Voorkom teleurstelling en skakel Reinhardt Weidemann op 082 610 0623 om bestellings te plaas.


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 120 826.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
FEB
MRT
APR
MEI
JUN
R 36 533.50
R 50 317.40
R 41 630.70
R 22 141.76
R 23 858.80
R 35 979.75
R 36 064.00
R 27 227.60
R 12 430.00
R 32 103.94
INKOMSTE
UITGAWES

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Die Here het haar vir Paulus se woorde ontvanklik gemaak.*
*Sy en haar huisgesin is toe gedoop.*

*Handelinge 16: 14 & 15*
*(14b - 15a)*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS